Bybel vir Kinders

bied aan

'n Prins uit die Rivier

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: M. Maillot; Lazarus

Aangepas deur: M. Maillot; Sarah S.

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2012 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Josef het gesterwe.
Die hele Egipte
het saam met

die familie
gerou.

God het Josef die Hebreër gebruik om sy land te red van hongersnood.

Hy was slim en 'n geliefde leier en nou is hy dood.

Drie honderd jaar het verby gegaan.

Josef se mense, die Hebreërs, het 'n magtige volk in Egipte geword.

Die nuwe Farao was bang die Hebreërs gaan teen hom draai, ...

... daarom het hy
almal slawe gemaak.

Farao het die Hebreërs wreed behandel. Hy het hulle forseer om groot stede te bou.

Dit maak nie saak hoe hard hy hulle laat werk het nie, die Hebreërs het vermeerder.

Een dag het Farao 'n verskriklike opdrag gegee. "Alle nuut gebore Hebreër seuns moet in die Nyl gegooi word."

Die wrede Farao was gemotiveer om die getalle van die Hebreërs te beperk. Hy sal selfs babas vermoor!

“Wat kan ons doen?” het een familie gewonder. Hulle het besluit om hul kindjie in die Nyl te sit. Hy sou veilig binne in ‘n waterdigte mandjie wees.

Met sy waardevolle inhoud het die klein mandjie tussen die riete gedryf.

Wat kon met die klein babatjie gebeur?

Die babatjie se sussie het 'n entjie weg gesit en die mandjie dop gehou ...

... wat rustig tussen die riete gedryf het.

Skielik was Farao
se dogter en haar
bediendes daar want
sy wou bad.

Daar was geen manier om die mandjie weg te steek nie.

Miskien sal hulle
verby loop sonder
om dit te sien.

“Kyk! ‘n mandjie, daar tussen die riete. Ek wonder wat daar in is.” Farao so dogter het aan haar bediende gesê om die mandjie te gaan haal.

Sy het dit oop gemaak – die baba het begin huil. "Dit is 'n Hebreër baba," het sy gesê.

"Arme ou dingetjie.
Jy is so pragtig."

Miskien het Farao se dogter met die baba gepraat soos wat grootmense doen.

Sy het dalk gese “Kootche-koo koo”
in Egipties natuurlik.

God het spesiale wysheid aan die baba se sussie gegee.

Sy het na Farao se dogter gehardloop en gevra "Kan ek 'n Hebreër vrou kry om na die baba te kyk?"

"Dis reg," het Farao se dogter geantwoord. Wie dink jy het die dogtertjie gaan roep?

“Mamma! Kom vinnig! Maak gou!”
Miskien het die dogter nie tyd gehad om te verduidelik nie.

Saam het die twee in die voetpad af gehardloop.

Terug by die rivier gee Farao se dogter die baba aan hulle. "Versorg hom vir my. Ek sal jou betaal. Noem hom Moses."

Moses is
seker Egipties vir
waterseun.

So is Moses terug na sy ouers. Hulle het hom geleer om God lief te hê asook die Hebreërs.

Binnekort sal hy in die paleis gaan woon by Farao se dogter.
God het sy lewe gespaar en het groot planne gehad vir die baba Moses

'n Prins uit die Rivier

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Exodus 2

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is,
se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag!
Johannes 3:16